




DIE
ABC
VAN
DIE

JSF



Dit gons in die wolbedryf nadat die Johannesburgse Effektebeurs (JSE) vroeg in Junie 'n termynkontrak vir Merinowol bekend gestel het. Louis de Beer, Cape Wools SA (CWSA) se uitvoerende hoof, het hierdie inisiatief van CWSA by die NWKV se nasionale kongres met wolboere gedeel.

(BLAAI OM)



Daar is baie onsekerheid onder boere oor watter voordeel die termynkontrak vir hulle kan inhou. Met hierdie artikel en ander mediaberigte pook die NWKV om wolboere oor die termynkontrak vir wol op die *JSE* in te lig. Die NWKV het ook 'n onafhanklike ondersoek geloods om vas te stel watter implikasies die termynkontrak vir produsente en die wolbedryf inhou.

Wolboer/Wool Farmer het met Chris Sturgess, direkteur: afgeleide kommoditeite op die *JSE*, gepraat oor wat die termynkontrak behels en watter voordele dit vir wolboere kan inhou.

Waarom 'n termynkontrak vir Merinowol?


Die termynkontrak is die jongste in 'n reeks nuwe bekendstellings deur die *JSE*, soos die notering van termynkontrakte vir bees- en lamkarkasse wat die A2- en A3-karkaspryse navolg. Toe CWSA die *JSE* oor die skep van 'n woltermynkontrak genader het, het die *JSE* geesdriftig ingestem om aan die behoefte van nog 'n segment van die landbousektor te voldoen.

Watter voordele kan die termynkontrak vir die bedryf inhou?

Die nuwe kontrak bied aan boere 'n meganisme om hulle teen die risiko van pryssskommelings te beskerm. Daar is ook ander rolspelers in die wolbedryf, soos wolkopers en wolverwerkers, wat aan prysrisiko onderworpe is en wat ook voordeel uit die nuwe kontrak kan trek.

Watter prys gaan gebruik word vir die nuwe wolkontrak?

Die sluitingsprys waarteen die wolkontrak afgelos word, sal op die Cape Wools Merino-aanwyser gegrond wees. Die gemiddelde prys op die aanwyser van die twee veilings wat die sluiting van die termynkontrak voorafgaan, sal gebruik word.



Wat verteenwoordig 'n termynkontrak?

Die termynkontrak verteenwoordig tans 1 000 kg skoon, geweegde wol van 'n gespesifiseerde hoeveelheid en soort wol – 'n sogenaamde wolmandjie – vir 'n vaste tydperk. Daar is vier verskansingsmaande, naamlik Maart, Junie, September en Desember. Die *JSE* oorweeg dit egter baie sterk om die termynkontrak te verminder na 100 kg, wat die risiko sal verminder en dit vir meer rolspelers toeganklik sal maak.

Hoe verskil die termynkontrak vir wol van die termynkontrak vir mielies?

Die kontrak word in kontant afgelos en geen wol word fisiek verhandel nie. Dit is net 'n instrument om teen risiko's te verskans. Wanneer die termynkontrak verval, word die verhandelde prys teen die sluitingsprys verreken en die verskil word in kontant aan óf die koper óf verkoper uitbetaal. Omdat wol nie fisiek verhandel word nie, is daar ook nie 'n vervoerdiferensiaal betrokke nie.

Betekén dit dat 'n persoon wat nie wol op die veiling in Port Elizabeth verkoop nie, ook kan deelneem?

Ja, deelnemers aan die termynkontrak vir wol hoef nie noodwendig 'n produsent met wol te wees nie. 'n Wolboer kan sy wol op vroeër of latere veilings verkoop. Indien 'n persoon nie 'n produk het om te verkoop nie, dan spekulêr hy/sy op die termynmark. Net soos verskan-

sers, is spekulante noodsaaklik vir die suksesvolle funksionering van 'n termynmark vir landbouprodukte.

Kan die termynmark die werklike prys in die wolmark beïnvloed?

Nee, die prys waarteen die termynkontrakte op die *JSE* verkoop en gekoop word, dui nie die rigting aan waarin die werklike wolprys gaan beweeg nie. Die pryse wat verhandel word, is vraag- en aanbodpryse soos bepaal deur 'n gewillige verkoper en gewillige koper op die *JSE*. Geen transaksie kan plaasvind alvorens daar nie 'n gewillige koper én verkoper is nie.

Wat kos dit om deel te neem?

Termynkontrakte bepaal dat elke party betrokke by die kontrak aanvullende sekuriteit bied, wat ook algemeen bekend staan as 'n marge. Die marge is die deposito wat die *JSE* vra om die kontrak uit te neem. Elke kontrak het 'n spesifieke bedrag van aanvanklike dekking wat op die handel van die afgeleide van toepassing is. Tans is die aanvangsmarge 12% van die waarde van elke kontrak. Byvoorbeeld, met die aanwyser op R160/kg sal die deposito R19 200 wees (1 000 kg x R160 x 12%). Die deposito is per kontrak en dien as versekering indien die koper of verkoper nie hul verpligting ingevolge die kontrak kan nakom nie. Verder is 'n *JSE*-fooi van R30 (BTW ingesluit) per kontrak betaalbaar.

Hoe neem 'n mens deel?


Gestel 'n boer beplan om 3 t wol op die laaste wolweiling van September te verkoop, maar besluit om een-derde van sy/haar produksie teen die huidige prys van byvoorbeeld R160 deur middel van 'n termynkontrak te verskans, is die stappe soos volg:

- ➔ Registreer by 'n geregistreerde makelaar op die *JSE* wat in lewende hawe spesialiseer. Let wel, dit is nie jou wolmakelaar nie.
- ➔ Betaal die aanvangsmarge (*good faith de-*

posit) wat by die *JSE* in die kliënt se rekening gehou word. Die kliënt kan rente op hierdie bedrag verdien.

- ➔ Die boer verkoop dan 'n termynkontrak teen R160/kg aan 'n gewillige koper.
- ➔ Verhandelings sal elke dag tussen 9:00 en 12:00 plaasvind.
- ➔ Elke dag word die verhandelde prys van die dag gebruik en die verskil word in jou rekening by jou *JSE*-makelaar inbetaal of afgetrek. Byvoorbeeld, op dag twee verhandel die prys teen R159 en dan word jou rekening met R1 000 (R1/kg) gekrediteer. Op dag drie verhandel die prys teen R160 en dan word jou rekening met R1 000 gedebiteer.
- ➔ Op die vervaldatum van die September-termynkontrak, word die sluitingsprys bereken gegrond op die gemiddelde van die Cape Wools Merino-aanwyser oor die twee voorafgaande veilings. Indien die prys op die aanwyser laer is as die kontrakprys, dan het jy die regte besluit geneem om te verskans.
- ➔ Indien die boer wel sy/haar wol op die wolweiling in Port Elizabeth verkoop, ontvang hy/sy nog steeds dieselfde prys vir die spesifieke tipe wol soos op die wolweiling behaal.

Watter raad het jy vir wolboere oor die termynkontrak?

Termynmarkte is vir baie wolboere 'n nuwe konsep, maar dit is uiters noodsaaklik dat die konsep verstaan en gebruik word. Oningeligte gebruikers van 'n termynmark loop die risiko om finansiële seer te kry. Daarom is dit belangrik dat hierdie konsep bestudeer en verstaan word voordat 'n boer hierdie hulpmiddel gebruik. Aan die ander kant, as die produsent termynmarkte reg gebruik, kan en sal dit vir die produsente van groot waarde wees. 

Indien daar nog onbeantwoorde vrae is, stuur dit na karen@agriconnect.co.za